GEREGISTREER
REGISTERED

REGISTRATEUR/REGISTRAR

2002 -02- 25

SEëLREG
DUTY R.........

FOOI
FEE R 95,00

PROTOKOL NR. 1027

# SERWITUUT VAN REG VAN WEG

**HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK:** K 1538/2002 S

Dat op hierdie 21ste dag van Januarie in die jaar van Onse Heer Tweeduisend en Twee (2002) voor my :

**ABRAHAM PRELLER DEACON**

Notaris, praktiserend te Mosselbaai, Kaap Provinsie, gekom en verskyn het:

**NICOLAAS FRANCOIS GERTENBACH**

behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag geteken te MOSSELBAAI op die 19de dag van Oktober 2001 en aan hom verleen deur :

**DIE TRUSTEES INDERTYD VAN DIE GROENHEIDE TRUST**

Nr. IT2806\1995

hierin verteenwoordig deur IZAK WALTER GEORGE SADLER

(hierna genoem die "Dienende Eienaar")

synde die geregistreerde eienaar van :

**GEDEELTE 174 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 168) VAN DIE PLAAS VYF-BRAKKE-FONTEINEN NR. 220, IN DIE MUNISIPALITEITEN AFDELING VAN MOSSELBAAI, PROVINSIE WES-KAAP.**

**GROOT 10,1915 (TIEN komma EEN NEGE EEN VYF) HEKTAAR.**

GEHOU KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T88232/95

(hierna genoem die "Dienende Eiendom")

en kragtens 'n Volmag aan hom verleen op die 19de dag van Oktober 2002 te MOSSELBAAI deur

**PHILIPUS JOHANNES ZIETSMAN**

Identeitsnommer 311021 5024 ~~00-5~~ 083

getroud buite gemeenskap van goedere

(hierna genoem die "Heersende Eienaar")

synde die geregistreerde eienaar van :

**GEDEELTE 190 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 109) VAN DIE PLAAS VYF-BRAKKE-FONTEINEN NR. 220, IN DIE MUNISIPALITEIT EN AFDELING MOSSELBAAI, PROVINSIE WES-KAAP.**

**GROOT 33,1407 (DRIE EN DERTIG komma EEN VIER NUL SEWE) HEKTAAR.**

(hierna genoem die "Heersende Eiendom")

GEHOU KRAGTENS TRANSPORTAKTE NR T37285/97

AANGESIEN die Heersende Eienaar 'n serwituut van reg van weg verlang oor die Dienende Eiendom ten gunste van die Heersende Eiendom.

EN NADEMAALdie Dienende Eienaar sodanige Serwituut van Reg van Weg aan die Heersende Eienaar ten gunste van die Heersende Eiendom wil verleen.

NOU DERHALWE verklaar die Komparant as volg:

ABRAHAM PRELLER DE KOCK

1.

Die Dienende Eienaar verleen hiermee oor die Dienende Eiendom aan die Heersende Eienaar en ten gunste van die Heersende Eiendom 'n serwituut van reg van weg 10 (TIEN) meter wyd al langs en oor die volle lengte van die noord-westelike grens van die Dienende Eiendom, aangedui deur die lyn AG op Kaart LG2586\95.

2.

Die voormelde Serwituut van Reg van Weg word hiermee deur die Heersende Eienaar aanvaar onderhewig aan die volgende voorwaardes:

2.1 Die Dienende Eienaar sal te alle tye geregtig wees om die pad oor die serwituutgebied vir sy eie doeleindes te gebruik.

2.2 Die Heersende Eienaar onderneem om teen goedkeuring van die onderverdeling en\of hersonering vir ontwikkelingsdoeleindes van die eiendom:

2.2.1 die pad oor die serwituutgebied behoorlik op te rig, van 'n teeroppervlak te voorsien voor gebruik daarvan, en die serwituutarea behoorlik te onderhou en in stand te hou, alles op sy eie koste.

2.2.1 aan die Dienende Eienaar voor te lê vir goedkeuring alle planne ten opsigte van die konstruksie van die pad en brug en\of enige verandering daaraan, opgestel deur 'n Ingenieur, welke planne en konstruksie van die pad behoorlik voorsiening sal maak vir voldoende afvoer van water onder enige brug deur, die vrye afloop van water in die kloof en voorkoming van enige afloop en\of opdamming van water op die dienende eiendom.

2.3 Die konstruksie van die pad sal sò geskied dat die algemene snelheid van gebruikers daarvan onder normale omstandighede beperk word tot 40 km per uur.

2.4 Die Heersende Eienaar sal aanspreeklik wees vir alle skade van welke aard ookal veroorsaak aan en op die Dienende Eiendom deur die Heersende eienaar, sy Agente en/of Werknemers spruitend uit die verlening en uitoefening van die regte hierkragtens.

2.5 Slegs die Heersende eienaar en/of eienaars van die Heersende Eiendom of enige onderverdeling daarvan, sal geregtig wees om die regte hierkragtens verleen, uit te oefen en sal die Heersende eienaar nie geregtig wees om die regte hierkragtens verkry aan enige ander party oor te dra nie.

2.6 Die partye bevestig bewus daarvan te wees, dat bovermelde serwituutarea strek oor ander serwituutgebiede, en word hierdie regte verleen onderhewig aan sodanige Reghebbendes se goedkeuring op die terme en voorwaardes welke hulle mag goed vind en vrywaar die Heersende Eienaar die Dienende Eienaar teen enige eise wat hieruit mag voortspruit.

2.7 Die partye bevestig dat die Heersende Eienaar sal toesien tot die opmeting, notariële verlyding van hierdie akte en registrasie daarvan teen bovermelde eiendomme se titelaktes op sy koste.

2.8 Die partye bevestig dat die Heersende Eienaar geen vergoeding aan die Dienende Eienaar betaal ten opsigte van die verlening van hierdie regte nie.

ALDUS GEDOEN EN VERLY te MOSSELBAAI op die dag, maand ~~en jaar~~ voormeld en in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies en voor my die Notaris.

AS GETUIES:

1. ______________________

2. L Matthee ______________________

______________________

QUOD ATTESTOR

______________________

NOTARIS PUBLIEK.

FAX 021 805 7743 SERBCO WP 0005/0006